knap!

sasol
reaching new frontiers

The Business of Art

Die Sasol Voorsitterskeuse

Immaculate Disrepair

Feeskunstenaar Wim Botha

Reframing Tretchikoff

Die rykste kunstenaar naas Picasso

Droom vir Ons Dogters

Women artists from Africa

Jailbirds and Fashionistas

Contemporary photograpahy in the spotlight

Sister Bliss

Fritha Langerman, Antoinette Murdoch, Isabella Quattrocchi, Doreen Southwood

Screen Savers

S.A. video kuns onthul

GRATIS
8 Pull-out postcards



KKNK Visual Arts 2003 proudly supported by Sasol

n' Dag in die Lewe van 'n Korporatiewe Kurator

Teresa Lizamore is reeds 20 jaar betrokke by die Sasol-kunsversameling - sy was kurator en kunskonsultant vir sowat tien jaar, waarna sy deeltyds betrokke gebly het. Baie mense wonder dalk wat presies 'n korporatiewe kunskonsultant doen, buiten natuurlik om werke vir aankope voor te stel. Nà 'n kort gesprek met die bedrywige Lizamore, is dit opvallend hoe sy daarin slaag om alles baas te raak, en boonop haar eie galery vanaf haar huis te bestuur.

Lizamore werk nou saam met 'n klein groep eksterne kunsadviseurs, 'n uitgesoekte groep individue wat as kenners in eie reg beskou word. In die verlede het die samestelling van hierdie groep redelik konstant gebly, maar 'n onlangse besluit om jonger, ontluikende kunstenaars te ondersteun, het vereis dat die adviesraad net so dinamies en ingelig moet wees soos die werk wat waarna daar gemik word.

Dus het Lizamore die hulp ingeroep van onder andere die kunstenaar Clive van den Berg en die versamelaar en joernalis Lucia Burger. Die advies-span werk nou saam met die besturende direkteur en voorsitter, wat die finale goedkeuring moet gee nadat die adviesraad werke voorgelê het en die keuse daarvan gemotiveer het. Lizamore se benadering tot hierdie proses verseker dat ingeligte keuses gemaak word. Werke wat nog nie deur deur die kunsspan gekies is nie, word ook voorgelê vir oorweging aan die besturende direkteur en voorsitter sodat daar wyer begrip kan wees vir hoe die kunsspan hul besluite motiveer, asook om bestuur bloot te stel aan 'n wyer keuse van werk deur een kunstenaar.

Oor die laaste paar jaar het Sasol hom daartoe verbind om werk te versamel deur ontluikende kunstenaars in sekere mediums, terwyl die gewese voorsitter Johannes Stegmann verkies het om verskeie werke deur een kunstenaar te versamel. In die proses is kunstenaars soos Christo Coetzee en Norman Catherine goed verteenwoordig. Johan Meyer se Karoo Watering en Kevin Brand se Hearth and home is groot gunstelinge in hie:die bewonderenswaardige versameling wat goeie interaksie geniet met Sasol-werknemers en wat kantore, gange, voorportale en raadsale versier.

Dit is 'n ingewikkelde proses om 'n versameling op te bou. Dit vereis gereelde besoeke aan tentoonstellings, noue waarneming van die mark en huidige prysstrukture, asook ingelighteid oor wie gesog is en wie se jong loopbaan 'n hupstoot na die volgende vlak nodig het. Lizamore se tyd word opgeneem deur versamelingsbestuur (fotografering, opmeting, dokumentering, raamwerk), die inlig van personeel oor nuwe aanwinste, navorsing van insiggewende tekste oor die werk, die organisering van maandelikse lesings vir personeel deur kunstenaars wat in die versameling verteenwoordig word, en die hantering van talle navrae van Sasol-kantore regoor die wereld oor die verryking van kantoorruimtes. Lizamore doen moeite om hierdie kantore te besoek, en die aanvraag is nou so groot dat sy dikwels gedwing word om werke uit die permanente versameling in die Rosebank-hoofkantoor te verwyder om hierdie ruimtes te akkomodeer.

Dit vereis verantwoordelikheid om 'n versameling van hierdie omvang te bestuur. Lixamore doen dit met gemak, terwyl sy sterk steun op haar span om 'n ernstige en uiters belangrike versameling uit te bou. As 'n gebore skakelmens verwelkom sy besoekers en groepe op toere deur die gebou. Om kuns te sien gedy in 'n omgewing wat lewe van industrie en groei, is baie gesond, beide vir kuns en sy gehoor.







sasol
reaching new frontiers

Eietydse kuns roem hom daarop dat dit meer fokus op die gehalte van die idee as die status van die objek. Waar begin 'n mens, in terme van belegging, om die waarde van 'n goeie idee te bepaal tot die punt waar tradisionele benaderings oor die versamel van kuns wyer skuif as skilder en beeldhou om meer snykant-kuns in te sluit?

be concerned with issues of integrity (which are as elastic as... well... a piece of elastic), many are also really good at biting the hand that feeds them. Years of partisan support under Apartheid meant that some artists were recognized and given opportunities most weren't. Now, in the face of crippling social realities like poverty and HIV/AIDS, art is not a priority for public funding. These phenomena have effectively disillusioned both artists and their potential buying public as to the value of what they do.

But corporate art collecting is a pretty simple and positive process all-round. Corporations are private institutions, not obliged to open their collections to the public, neither are they obliged to make their collecting policies transparent. But many do both anyway. Although business revenue is not considered public funds, issues can arise when employees aren't given a Christmas bonus,

yet there's a new William Kentridge hanging in the boardroom. Accountability is key, so in the interests of good business practice (today's watchword), as well as social responsibility, many corporates have been more than willing not just to publicise their collections, but also engage in other projects that support and develop the visual arts.

Sasol is one such company. This is their sixth year as chief sponsor of the KKNK Visual Arts main festival, their art collection (possibly the largest corporate collection in the country) speaks for itself, and they host the New Signatures competition every year, promoting and showcasing young contemporary art. And this is but one small portfolio within a much larger corporate social responsibility program.

In addition to its honorary and promotional aims, the ***Chairman's Choice*** *exhibition creates a frank basis for fostering patron-artist relationships by opening the lines of communication between patron and public, and acting as a barometer for what those outside the artworld's inner circles consider 'art'. Kruger is very open about what guided his choices. He sought works that he considers "beautiful", recognising that his personal choice may not represent the "best" of the collection, but still provides a small peep at what the collection consists of.*

Continued on page 8

opposite page (top left-right): ***Christo Coetzee****; Untitled; 1978; oil on board; 183 x 122 cm.* ***Tadeusz Jaroszynski****; Recollections III; mixed media on paper; 65 x 50 cm.* ***(middle): John Meyer****; Karoo Watering; 1985; Oil on canvas; 104 x 120 cm.* ***(bottom left-right): Robert Hodgins****; Bird-Life of Ancient Egypt; 1996; 90 x 121 cm.* ***Anne Sassoon****; Untitled; 1984; oil on canvas; 122 x 152 cm.* ***this page (left top-bottom): Karin Jaroszynska****; The Parade; oil on canvas; 122 x 173 cm.* ***Willie Bester****; Taxi Rank; 1993; mixed media.* ***(above left): Hardy Botha****; Untitled; 1976; handcoloured etching; 25 x 30 cm.* ***(left): Zonia Nel****; Drinking Tea While Playing Musical Chairs; purchased 1998; oil on paper; 128 x 196 cm.* ***(far left): Thijs Nel****; Venster – Tuin IV; 1983; pastel on paper; 60 x 83 cm*